# 18 Mei 2023 - Lesing 24 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Motivering vir die verwoesting en die nuwe skepping – hel – kluistering – 12/5/57

**NO: 6828** Hulle wat die allerdiepste geval het, wek My medelye op en daarom werp Ek hulle steeds weer 'n reddingsanker toe, sodat hulle weer na bo kan kom. Elke siel wat daaraan vashou, word omhoog getrek, want sy toon daarmee haar wil om die diepte te ontvlug en so sal sy nou ook die ontferming van haar Vader van ewigheid mag ondervind. Daar is egter in die domein van die diepste gevallenes ook 'n mate van weerstand teen My, wat geen redding meer toelaat nie, waarin die wil haarself nog nie in die minste verander het nie en waarin die verharding van die geestelike substans byna plaasgevind het, - waarin daar nou geen ander moontlikheid meer is om te help nie, as om haar geestelik opnuut te kluister in die materie.

Maar ook hierdie hernieude kluistering is 'n daad van erbarming van My kant af, omdat daarsonder hierdie siel nooit meer die hoogte sou kon bereik waar van haar die laaste wilsproef geverg sal word wat haar die ewige lewe kan oplewer nie. Die ontwikkelingsgang in die geestelike ryk moet hulself in My Goddelike ordening voltrek en daar kan geen fase oorgeslaan word nie, of dit in die stadium van die selfbewussyn op aarde is, of ook in die ryk hierna. Steeds is die wil van die wese self bepalend. Word hierdie nou heeltemal misbruik, dan moet Ek die geestelike weer bind in die toestand van onvrye wil en haar deur die skeppings van hierdie aarde laat gaan, omdat Ek nie wil hê dat sy ewig in 'n toestand moet bly wat uitermatig kwellend en ongelukkig is nie.

Skeppings wat steeds weer opnuut ontstaan, die voortdurende word en vergaan in die natuur, het dieselfde betekenis as die onophoudelike wisseling van die uiterlike vorme vir hulself in die positiewe ontwikkel bevindende geestelike, wat steeds nader kom aan hul uiteindelike beliggaming as mens op aarde. Dog die geestelike wat in die diepste diepte weggegly het, of wat hulself al ewighede daar bevind, moet - as begin van sy opwaartse ontwikkeling - in die hardste materie ingesluit word. Hulle kan nie in reeds bestaande skeppings ingelyf word wat die ryper geestelike tot verblyfplek dien nie. Die eerste fase van kluistering kan nie oorgeslaan word nie, inteendeel moet die ontwikkelingsgang in die vorm begin wat ooreenkom met die ongebroke weerstand teen My, in die harde materie, omdat dit deur My wet van orde verlang word.

En daarom moet daar na lang periodes steeds weer nuwe skeppings ontstaan wat die geestelike kan opneem, soos egter ook skeppinge wat ondenkbare lang tye bestaan – harde materie – wat eenmaal opgelos moet word om die daarin bevindende geestelike vry te laat vir 'n vêrdere ontwikkeling in sagter vorme. Die periode is baie lank, waarin sulke totale verwoestings en hervormings van aardse skeppings plaasvind, en meestal kan die tydsduur nie bewysbaar vasgestel word deur die mense nie. Bowendien ontbreek dit hul aan die kennis van so 'n ontwikkelingsgang van die geestelike, van die eintlike bestemming van alle materie en van die vreeslik kwellende toestande in die geestelike ryk, ofskoon die woord 'hel' aan alle mense bekend is.

Wat egter in werklikheid daaronder te verstaan is, weet hulle nie, anders sou ook die totale verandering van die aarde en die skeppings daarvan vir hul geloofwaardiger voorgekom het, Maar dit sal ook vir die mense steeds onbewysbaar bly. 'n Liefdevolle en barmhartige God probeer egter sy skepsele te red, Hy laat hulle nie ewig in die duisternis nie. En My Liefde en Erbarming is My Oerwese, wat ewiglik nie sal verander nie. My Liefde en Erbarming sal ewig uitgaan na My skepsele wat in die diepte weggesink het en sal steeds weer middele en weë vind om hulle aan die diepte te ontruk. Maar voordat daar weer 'n hernieude kluistering volg, word alles deur My en My geestelike medewerkers probeer, sodat die siele in die geestelike ryk nog die weg omhoog kan neem, sodat hul die smartlike lot van 'n hernieude kluistering gespaar kan bly.

Maar die wil van die wese beslis self en soos sy wil is, so is ook sy lot. Maar My heilsplan sal ook uitgevoer en dit sal nie sonder sukses wees nie. Eendag sal Ek die doel bereik en eendag sal ook die duisternis alles prysgegee het, omdat My Liefde nooit ophou en geen wese My liefde vir ewig kan weerstaan nie. Amein.

Openbaring 20

13 En die **see** het die dode gegee wat in hom was, en die **Dood** en die **Doderyk/Sheol** het die dode gegee wat in haar was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. [2 Ezra 7:32]

14 En die Dood en die Doderyk/Sheol is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die Boek van die Lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.